**Februarie 2017**

Liewe vriende

Deur die jare het baie getroude paartjies na my gekom vir advies en gebed vir hul huwelike en families. Dit het my laat besef dat huwelike baie moeilikhede kan beleef, en dat 'n paar woorde van bemoediging soos 'n koel, helende stroompie vir 'n dorre en gebroke huwelik kan wees.

In hierdie oorgangsfase van ons na TWR Vroue van Hoop, let daarop dat ons nuwe logo uitwys hoe ons harte met God en met mekaar in ooreenstemming is. In Eségiël 36:26 sê die profeet dat God die "hart van klip" sal wegneem uit ons "vlees" en vir ons 'n "hart van vlees" in die plek daarvan sal gee.

In 'n huwelik wil dit soms voorkom asof ons harte, teenoor mekaar, soos klip verhard is. 'n Suksesvolle huwelik neem tyd en verg aandag. Daar is 'n aanval op huwelike wat nie van hierdie wêreld is nie. Dikwels, wanneer ons deur moeilike tye in ons huwelike gaan, glo ons dat ons huweliksmaat ons vyandiggesind is. Inderdaad is daar 'n regte vyand, maar dit is beslis nie jou huweliksmaat óf jou kinders nie.

Vandag het jy die versekering dat julle nie alleen staan in die uitdagings wat julle in jul huwelik beleef nie.

Wees verseker dat God bewus is van alles wat met jou gebeur, en jou graag wil help!

Wanneer omstandighede ondraaglik raak, is God altyd naby as ons toevlug en krag, in die uur van moeilikheid en nood. (Psalm 46:2: "God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.")

Hou aan om die goeie stryd te stry vir jul huwelik. Bid sonder ophou saam met ander vroue, en dra die uitdagings en moeilikhede van jou huwelik in gebed op aan die Here. Laat toe dat God jou hartseer en toorn, verbittering en onvergewensgesindheid wegneem. Glo dat daar 'n Vader in die hemel is wat jou liefhet en kan sien waardeur jy gaan. Wees sterk en deel jou lyding met jou gebedsgroep, en dra dit dan saam in gebed op aan God; glo onwrikbaar dat Hy ons gebede verhoor en dat Hy naby is aan die gebrokene van hart (Psalm 34:19). Verkry bevryding van alle verbittering en toorn, deur toe te laat dat die Here beheer neem van jou huwelik en jou familie.

Volhard in gebed. Ondersteun mekaar met geloofsekerheid in die wete dat ons 'n God dien wat ook ons huwelike en familie wil gebruik in sy diens en tot eer van sy Naam, sodat andere ook die evangelie van Jesus kan leer ken.

Volhard tot die einde toe! Hou jul oë gerig op Jesus: Hy is aan jou kant; Hy hou jou en jul huwelik in die palm van sy hand! Vandag bid ek ook vir jóú!

In Hom is ons harte verbly!

Peggy Banks
Wêreldwye Bedienings-Direkteur
TWR Vroue van Hoop/Projek Hanna